Soos verwag kon word, het die verdieping in die ekonomiese afwaartse beweging die afdanking van 'n groot aantal werknemers in die private sektor tot gevolg gehad. Nominale salaris en lone per werker het egter voortgegaan om teen koerse te styg wat hoër as prysinflasie en produktiwiteitstoenames was, wat skerp stygings in die reële arbeidseenheidskoste veroorsaak het. Hierdie verwikkelinge het saam met die toenames in die prys van landbou- en ingevoerde produkte, 'n verdere vermindering in produksieprysinflasie verhinder. Verbruikersprysinflasie het egter 'n duidelike afwaartse beweging in 1992 getoon en sou selfs laer vlakke bereik het as dit nie vir die invloed van die droogte op voedselprys was nie.

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het vanweë seisoenale faktore en die netto invoer van landbouprodukte skerp in die derde kwartaal van 1992 verminder. Indien hierdie faktore uitgeskakel word, het die aangesuiwerde oorskot op die lopende rekening slegs matig verswak. 'n Verdere netto uitvloeiing van kapitaal ten bedrae van R1 miljard is in die derde kwartaal van 1992 aangeteken. Hierdie uitvloeiing wat hoofsaaklik in die vorm van korttermynkapitaalbewegings voorgekom het, was verwant aan verdere

terugbetalings ingevolge die Derde Tussentydse Skuldreeëlings met buitelandse krediteurbanke, 'n omskakeling van buitelandse na binnelandse handelsfinansiering, 'n appresiasie van die dollar teenoor derde geldeenhede, die aflossing van toondereffekte wat verval het, en terugbetalings op skuld wat deur agentskappe van buitelandse regerings gewaarborg is.

As gevolg van die kleiner oorskot op die lopende rekening en die netto uitvloeiing van kapitaal, het die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes van die land in die derde kwartaal van 1992 taamlik skerp gedaal. Ondanks hierdie afname was die netto goud- en ander buitelandse reserwes van Suid-Afrika aan die einde van September 1992 nog steeds R5,1 miljard bo dievlak van reserwes aan die begin van 1990. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes is ook oor hierdie tydperk aansienlik opgebou, en is nou gelykstaande aan net meer as 8 weke se invoer van goedere en dienste.

Vanweë hierdie verbetering in die totale betalingsbalansposisie, kon 'n betreklik bestendige reële effektiewe wisselkoers van die rand sedert die begin van 1990 gehandhaaf word. Die owerhede moes trouens soms in die mark inmeng om 'n oormatige appresiasie van die rand te verhoed. Die reële effektiewe wisselkoers van die rand het oor hierdie tydperk derhalwe slegs marginaal teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van bykans $1\frac{1}{2}$ persent gestyg. Die finansiële rand het egter gedurende die eerste elf maande van 1992 skerp gewissel en per saldo met 36 persent teen die VSA-dollar gedepresieer.

In weerspieëling van die futlose reële ekonomiese toestande in samehang met die betreklik beperkende monetêre beleidsingesteldheid, het die groeikoers van die monetêre en krediettotale gedurende die eerste nege maande van 1992 afgeneem. In sekere maande het wisselvallige bewegings in deposito's wat deur die nuwe regulasies onder die Wet op Depositonemende Instellings van 1991 teweeggebring is, groot wisselings in die groeikoerse van die monetêre totale oor twaalf maande veroorsaak. Die groei in M3 het egter per saldo binne die riglyngrens van tussen 7 en 10 persent gebly.

Geldmarktoestande wat betreklik ruim gedurende die eerste vier maande van 1992 was, het in die volgende ses maande strammer geword. Die gemiddelde daaglikske vlak van akkommodasie by die diskontovenster het skerp van R1,0 miljard in April 1992 tot R4,1 miljard in Oktober toegeneem. Sedert Julie 1992 was die Reserwebank by tye genoop om in die geldmark op te tree ten einde te verhinder dat die mark te stram word.

Handelsbedrywighede in die sekondêre kapitaalmarkte het in die eerste nege maande van 1992 deurentyd lewendig gebly, maar die onderliggende toestande in die markte het opmerklik in die derde kwartaal verander. Swakker-as-verwagte finansiële resultate van sommige maatskappye het die verdieping in die resessie weerspieël en die positiewe uitkyk op die mark verander. Hierdie verwikkelinge het saam met die daling in die aandelepryse op internasionale markte, van Julie tot Oktober 1992 'n beduidende verswakking in

binnelandse aandelepryse en 'n skerp styging in effektepryse tot gevolg gehad. Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel word, het dus aansienlik in hierdie tydperk toegeneem. Bedrywighede in die primêre kapitaalmarkte het egter in die derde kwartaal van 1992 skerp afgeneem omdat daar reeds in die voorafgaande kwartaal aan 'n groot deel van die leningsbehoeftes van die openbare sektor voldoen is.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor het in verhouding tot die bruto binnelandse produk in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 meer as 9 persent beloop, vergeleke met ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Hierdie aansienlike verswakking in die openbare finansies was die gevolg van 'n skerp toename in die tekort voor lenings en skuldterugbetalingen in die Hoofbegroting: regeringsbesteding het min of meer met die begrote bedrag ooreengestem terwyl regeringsinkomste heelwat onder die mikpunt was. Die aansienlike tekort in skatkisontvangste is op sy beurt deur die ernstige daling in ekonomiese bedrywighede teweeggebring wat tot laer opbrengste op die belasting op toegevoegde waarde en inkomstebelasting op maatskappye geleei het.

Die groter tekort voor lenings van die regering is hoofsaaklik gefinansier deur middel van die uitreiking van regeringseffekte teen koerse wat skerp afwaarts beweeg het. Die maandelikse gemiddelde opbrengs op langtermynstaatseffekte wat geleidelik van 'n hoogtepunt van 17,2 persent in Oktober 1991 tot 16,9 persent in Februarie 1992 verminder het, het skerper tot 13,9 persent in Oktober gedaal. Hierdie afname in lang koerse het 'n verdere beduidende afname in geldmarkkoerse, verwagte laer inflasiekoerse, 'n traie binnelandse ekonomie en die verlaging van Bankkoers weerspieël. Lang koerse het egter teen die einde van Oktober en in die eerste helfte van November opwaarts beweeg toe handelaars meer bewus van die dreigende groter tekort voor lenings in die begroting van die regering geword het.

As gevolg van die vooruitgang wat met die bereiking van groter finansiële stabiliteit in Suid-Afrika behaal is, het die Reserwebank met ingang 18 November 1992 die Bankkoers van 15 tot 14 persent verlaag. Dit het die vierde vermindering van een persentasiepunt in die Bankkoers sedert Maart 1991 verteenwoordig, en is weer deur 'n ooreenstemmende verlaging in die primakoerse op oortrekkings van depositonemende instellings van een persentasiepunt tot 17,25 persent deur sommige instellings in die laaste week van November en deur ander aan die begin van Desember gevolg. Die oorheersende koers op verbandlenings is ook met $\frac{1}{2}$ persentasiepunt tot 16,75 persent vanaf 1 Desember 1992 verlaag.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie¹

Die jongste ramings toon dat die reële bruto binnelandse produk in die derde kwartaal van 1992 skerp gedaal het. Nadat die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die *totale bruto binnelandse produk* teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers met 2 persent en bykans 3 persent in die tweede kwartaal gedaal het, het dit in die derde kwartaal tot ongeveer 5½ persent versnel. In die eerste nege maande van 1992 het die reële bruto binnelandse produk met ongeveer 1½ persent teenoor die ooreenstemmende tydperk in 1991 gedaal. Dit dui aan dat die afname in reële produksie in die kalenderjaar 1992 moontlik 2 persent kan beloop, ná dalings van ½ persent in sowel 1990 as 1991. Van die begin van die ekonomiese afwaartse beweging in die eerste kwartaal van 1989 tot die derde kwartaal van 1992 het die reële bruto binnelandse produk met bykans 3½ persent afgeneem.

Die uitgebreide droogteskade aan die *landbouproduksie* het in die derde kwartaal van 1992 wesenlik tot die daling in die binnelandse produksie bygedra. Die reële landbouproduksie is in hierdie kwartaal verder afgedruk deur die vroeë insameling van die mielie-oes: die grootste deel van die baie klein oes van 3 miljoen ton is in die tweede kwartaal ingesamel. Daar word verwag dat die koringoes in die huidige seisoen tot 40 persent minder as in die vorige seisoen kan wees, wat sal beteken dat die daling in die fisiese hoeveelheid van die totale landbouproduksie in die jaar in geheel waarskynlik groter kan wees as die daling van 15 persent wat vroeër vanjaar verwag is.

Indien die landbouproduksie buite berekening gelaat word, het die koers van afname in die reële produksie van die ander ekonomiese sektore ook ietwat verswak van 'n jaarkoers van meer as ½ persent in die eerste en die tweede kwartaal van 1992 tot effens meer as 1 persent in die derde kwartaal. Hierdie verdere verdieping van die resessie het boonop wyd uitgekrag en dalings in die reële produksie van die mynbou, fabriekswese, elektrisiteit, gas en water, konstruksie, handel en finansies, vaste eiendom en sakedienste is in die derde kwartaal van 1992 aangeteken. 'n Klein toename is in die reële toegevoegde waarde van die vervoer, opbergting en kommunikasie aangeteken, terwyl die reële produk van die algemene owerheid naastenby onveranderd gebly het.


Die positiewe bydrae wat sedert die middel van 1991

deur die *mynboubedryf* gemaak is, het in die derde kwartaal van 1992 verander. Nadat dit in die vorige vier kwartale bestendig toegeneem het vanweë die verwerking van erts met 'n betreklik hoë goudinhoud en die verhoging van produktiwiteit, het die reële produksie van die goudmyne in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 3½ persent afgeneem. Die dalende neiging in die reële toegevoegde waarde van die ander myne wat in 1991 en in die eerste helfte van 1992 waargeneem is, het egter in die derde kwartaal van 1992 sywaarts beweeg.

Die reële toegevoegde waarde van al drie die *sekondêre sektore* (die fabriekswese, konstruksie en elektrisiteit, gas en water) het in die derde kwartaal verder verswak. Die traie binnelandse vraag, die verlangsaming in die internasionale ekonomiese groei, die lae grondstof-pryse, die verlies aan mandaie as gevolg van stakings, die massa-optrede en die wegblly-aksies, het sakevertroue ernstig geknou en tot wydverspreide dalings in die produksie van byna al die subsektore van die fabriekswese geleei. Vanweë hierdie faktore het die reële bruto toegevoegde waarde van die fabriekswese in die derde kwartaal van 1992 tot 'n vlak gekrimp wat meer as 7 persent laer as die vlak aan die begin van die huidige konjunkturele afwaartse fase van die ekonomie was.


In die *tersiêre sektore* het die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die reële toegevoegde waarde

Reële bruto binnelandse produk



¹ Soos gebruiklik in die derde kwartaal van elke jaar, is die nasionalerekening-statistieke hersien en word die gewysigde ramings in hierdie uitgawe van die Kwartaalblad opgeneem. Die hersienings maak gebruik van meer volledige of andersins meer gepaste brongewers as wat voorheen beskikbaar was. Daarbenedien is die faktore vir die aansuiwing van seisoenkommelings op datum gebring.

Komponente van reële bruto binnelandse produk



van die handel wat 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent in elk van die eerste twee kwartale bedra het, tot bykans 2 persent in die derde kwartaal versnel. Terwyl die reële toegevoegde waarde van die groot- en die motorhandel ietwat verbeter het, het die reële toegevoegde waarde van die kleinhandel in die derde kwartaal van 1992 aansienlik afgeneem. In die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste het die afname in die reële toegevoegde waarde van die subsektor vaste eiendom en sakedienste die toename in die reële toegevoegde waarde van die subsektore finansies en versekering meer as geneutraliseer. Die reële toegevoegde waarde van die algemene owerheid wat verlangsaam het tot 'n toename van minder as $\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van

1992, het in die derde kwartaal onveranderd gebly. Die toename in die reële toegevoegde waarde van die vervoer, opberging en kommunikasie het in die derde kwartaal slegs $\frac{1}{2}$ persent bedra, wat hoofsaaklik aan die invoer van mielies en die heruitvoer van voedsel na die droogtegeteisterde buurlande toegeskryf kan word.

Binnelandse besteding

Die waarde van die totale reële bruto binnelandse besteding het 'n verdere daling in die derde kwartaal van 1992 getoon. Nadat dit in die eerste kwartaal van 1992 (as gevolg van 'n onbeplande opbouwing van voorrade) skerp toegeneem het, het die reële binnelandse besteding teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 7 persent in die tweede kwartaal en teen ongeveer $7\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal gedaal. Dit het die daling in die eerste nege maande van 1992 teenoor die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar op ongeveer 2 persent te staan gebring.

In die derde kwartaal van 1992 is afnames in al die belangrike bestedingskomponente aangeteken. Reële private verbruiksbesteding het nou vir ses agtereenvolgende kwartale gedaal en vir die eerste nege maande van 1992 was dit 3 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1991. Die huishoudings se verbruiksbesteding was beperk deur faktore soos die dalende reële persoonlike beskikbare inkome, 'n algemene onsekerheid oor werkgeleenthede, die steeds hoë vlak van verbruikerskuld en die afname in die netto rykdom van huishoudings. Die reële persoonlike beskikbare inkome wat in die tweede kwartaal van 1991 begin daal het, het in die eerste nege maande van 1992 teen 'n gemiddelde kwartaallikse jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Die verdere afname in die reële inkome van huishoudings in die derde kwartaal van 1992 was die gesamentlike resultaat van kleiner toenames in die nominale salaris en lone en 'n verswakking van die inkome uit eiendom as


Reële bruto binnelandse besteding

Verandering van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse

%

	1992		
	1e kw	2e kw	3e kw
Private verbruiksbesteding	* -3	-3½	-3
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid.....	7	2	-3
Bruto binnelandse vaste investering.....	-5½	-5½	-13
Verandering in voorrade (R miljoene)	788	-1 256	-4 312
Reële bruto binnelandse besteding	8	-7	-7½

Reële persoonlike beskikbare inkome en private verbruiksbesteding



gevolg van die lae landbou-inkomste en konserwatiewe dividendbetalings deur die maatskappysektor.

Die afname in die reële private verbruiksbesteding was veral duidelik waarneembaar in die besteding aan duursame en nie-duursame goedere. Nadat jaarlikse koerse van afname van 10 persent en $7\frac{1}{2}$ persent in die eerste en tweede kwartaal van 1992 aangeteken is, het die reële besteding aan duursame goedere verder teen 'n koers van 6 persent in die derde kwartaal afgeneem. Dit kan hoofsaaklik aan 'n duidelike afname in reële besteding aan meubels en huishoudelike toestelle toegeskryf word. Die aantal nuwe motors wat verkoop is, het in die eerste nege maande van 1992 gedaal tot 'nvlak wat meer as 11 persent laer is as die verkope in die ooreenstemmende tydperk van 1991.

Die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere het in die derde kwartaal van 1992 ook teen 'n jaarkoers van ongeveer 6 persent gedaal, terwyl die reële besteding aan semi-duursame goedere 'n meer beskeie afname getoon het. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het huishoudings se reële besteding aan dienste in die derde kwartaal toegeneem, ofskoon teen 'n jaarkoers van slegs 1 persent.


Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die derde kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van ongeveer 3 persent afgeneem. In die

voorafgaande twee kwartale het dit skerp toegeneem. Hierdie ommekeer in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het by die besteding aan intermediêre goedere en dienste voorgekom; die reële vergoeding van werkemers van die owerheid het min of meer op dieselfde vlak as in die voorafgaande kwartaal gebly. In die eerste nege maande van 1992 was die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid op naastenby dieselfde vlak as die besteding in die ooreenstemmende tydperk van 1991.

Die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* het in die derde kwartaal aansienlik verder gedaal en sodoen die totale daling in hierdie bestedingskomponent van die hoë vlak in die vierde kwartaal van 1989 op nie minder nie as 21 persent te staan laat kom. As 'n verhouding van die bruto binnelandse produk het die bruto binnelandse vaste investering in die derde kwartaal van 1992 tot 'n historiese laagtepunt van 16 persent gedaal. Dit kan met 'n gemiddelde verhouding van $23\frac{1}{2}$ persent in die tagtigerjare vergelyk word; die ooreenstemmende verhoudings vir nywerheidslande en die nuwe geïndustrialiseerde lande het in die tagtigerjare onderskeidelik 21 en 31 persent bedra.

Tans word investering in nuwe masjinerie en toerusting nog aan bande gelê deur faktore soos die swak vooruitsigte vir binnelandse en buitelandse ekonomiese

Bruto binnelandse vaste investering



groei, die lae vlak van benutting van die produksievermoë van die fabriekswese en 'n algemeen konserwatiewe ingesteldheid ten opsigte van die skepping van produksievermoë in 'n tyd van politieke onsekerheid. Die daling in die reële vaste investering in die derde kwartaal van 1992 kon derhalwe in al die hoofsektore van die ekonomie waargeneem word, met die opmerklike uitsondering van die openbare korporasies. Die styging in die investering van die openbare korporasies was egter betreklik klein en het op 'n laevlak in die tweede kwartaal van 1992 begin. Verdere skerp besnoeiings van kapitaalbesteding is deur die openbare owerhede en in die private sektor gedoen. Duidelike afnames is veral deur private sakeondernemings betrokke by die landbou, fabriekswese, handel en finansies aangeteken.

Die koers van voorraadafbouing het in die derde kwartaal van 1992 versnel, hoofsaaklik vanweë groot voorraadafnames in die mynbou, fabriekswese, handel en landbouvoorrade in die handel. As gevolg van hierdie afnames het die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorrade tot die bruto binnelandse produk buite die landbou verder afgeneem tot effens minder as 17% persent in die derde kwartaal van 1992, wat ietwat laer is as die gemiddelde verhouding van bykans 18 persent in die voorafgaande twee kwartale, maar aansienlik laer is as die gemiddelde vlak van 24 persent in die tagtigerjare.

Faktorinkome


Die groei in die totale nominale faktorinkome oor 'n tydperk van twaalf maande het gedurende 1992 merkbaar verlangsaam van 'n hoogtepunt van 14 persent in

die vierde kwartaal van 1991 tot slegs 8 persent in die derde kwartaal van 1992. In die eerste nege maande van 1992 was die nominale faktorinkome ongeveer 10 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar; dit het nog met 13 persent in die kalenderjaar 1991 toegeneem. Die stadiger toename oor tydperke van twaalf maande in die totale faktorinkome is grotendeels deur 'n verswakking in die koers van toename van die bruto bedryfsurplus van sakeondernemings veroorsaak, terwyl die groeikoerse van die nominale arbeidsvergoeding slegs matig verlangsaam het.

Die koers van toename in die totale vergoeding van werknemers het van kwartaal tot kwartaal en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers gemeet, nietemin van 'n hoogtepunt van 24½ persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 14½ persent in die tweede kwartaal van 1992 en tot slegs 12 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Hierdie stadiger groei was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname in werkgeleenthede, maar die matiging van looneise en uiteindelike loonskikkings was ook waarneembaar. Die aandeel van die totale arbeidsvergoeding tot die totale faktorinkome het nietemin verder van 60½ persent in die eerste helfte van 1992 tot 61½ persent in die derde kwartaal toegeneem.

Die totale waarde van die bruto bedryfsurplusse in die eerste drie kwartale van 1992 het hulle teenhangers van 1991 met slegs 8 persent oortref. Die daling in die bruto bedryfsurplus in die derde kwartaal van 1992 was hoofsaaklik die gevolg van die laer surplus van die landbousektor en slegs geringe toenames in die winste van ondernemings in die mynbou, handel en die konstruksiebedryf.

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding




Binnelandse besparing


Die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk wat aansienlik van 'n hoogtepunt van 23½ persent in die derde kwartaal van 1989 tot 16½ persent in die tweede kwartaal van 1992 verswak het, het in die derde kwartaal verder tot ongeveer 15 persent teruggesak. Die toenemende ontsparing deur die algemene owerheid is vir die verswakking in die besparingsverhouding in die derde kwartaal van 1992 verantwoordelik; die besparing deur die private sektor het aan die ander kant slegs 'n geringe verbetering getoon.

Die totale maatskappybesparing het in die derde kwartaal van 1992 byna onveranderd gebly, maar persoonlike besparing het voortgegaan om te styg. Nadat die verhouding van persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomte van 'n laagtepunt van net minder as 1 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 3 persent in die tweede kwartaal van 1992 toegeneem het, het dit tot 3½ persent in die derde kwartaal verstewig. Hierdie styging in die persoonlike besparingsverhouding was waarskynlik 'n weerspieëeling van die groeiende kommer oor toekomstige verdienste en werkgeleenthede in 'n tydperk van vinnige en omvangryke sosiale en poli-

Netto besparing as persentasie van totale bruto binnelandse besparing



Werkverskaffing in nie-landbousektore



tieke veranderinge, en het menige huishouding genoop om bestedingspatrone te wysig en skuld te verminder.

Die netto *ontsparing deur die algemene owerheid* (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) het van R10,6 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot meer as R21 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Hoewel hierdie *ontsparing deur die algemene owerheid* nie enige onmiddellike finansieringsprobleme vir die investering van die private sektor in die huidige traie ekonomiese omstandighede inhoud nie, kan die verdringing van private investering 'n ernstige probleem word as die *ontsparing deur die algemene owerheid* sou voortduur wanneer die ekonomie 'n toestand van volle kapasiteitsbenutting begin nader.

Werkverskaffing


Die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou is ernstig deur die konjunkturele afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid benadeel. In weerspieëeling van die voortdurende verswakking in die ekonomiese toestand het die totale werkverskaffing buite die landbou met 0,5 persent in 1990 en met 2,0 persent in 1991 afgeneem. Daarna het die koers van afname in die totale werkverskaffing van kwartaal tot kwartaal (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) 4,1 persent in die eerste kwartaal van 1992

beloop – die hoogste koers van afname wat in die huidige resessie aangeteken is – voordat dit tot 'n steeds hoë vlak van 2,3 persent in die tweede kwartaal verlangsaam het.

Soos uit die bygaande grafiek blyk, het die veranderings wat waargeneem is in die vlak van die totale werkverskaffing buite die landbou na ses kwartale sedert die begin van die huidige konjunkturele afwaartse beweging (m.a.w. in die derde kwartaal van 1990), nog betreklik gunstig vergelyk met die veranderings wat vir ooreenstemmende tydperke gedurende die vorige afwaartse bewegings bereken is. 'n Vergelyking van die persentasieveranderings in die werkverskaffing nadat dertien kwartale sedert die begin van elke afwaartse beweging verloop het, toon egter dat die huidige afname in die vlakte van werkverskaffing veel ernstiger as in enige van die vorige afwaartse bewegings in die sewentiger- of die tagtigerjare is. Nie minder nie as 233 000 werkers in die sektore van die formele ekonomie buite die landbou het van die begin van die resessie tot en met die tweede kwartaal van 1992 oorbodig geraak, dit wil sê sonder om die ernstige uitwerking van die droogte op die werkverskaffing in die landbou gedurende die laaste deel van hierdie tydperk in berekening te bring.

Die koers van afname in die totale werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou het skerp van 0,7 persent in 1990 tot 3,4 persent in 1991 versnel. In die eerste en die tweede kwartaal van 1992 het die

Werkverskaffing in nie-landbousektore



werkverskaffing in die private sektor van kwartaal tot kwartaal verder teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 5,0 en 2,0 persent afgeneem. Hierdie arbeidsverskraling is hoofsaaklik teweeggebring deur kostebesnoeiings in etlike sakeondernemings wat op laér indiensnemingsgetalle in die meeste van die subsektore van die private sektor uitgeloop het.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings in die private sektor, het die totale werkverskaffing deur die *openbare owerhede* in 1990 met 0,1 persent en in 1991 teen 'n selfs hoër koers van 1,6 persent toegeneem. Soos alreeds in vorige *Kwartaaloorsigte* gemeld is, was die korttermynveranderings in die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede gedurende die huidige konjuncturele afwaartse beweging taamlik wisselvallig. Personeelverminderings in sommige kalenderkwartale is gevvolg deur ewe sterk toenames in werkverskaffing in die daaropvolgende kwartale. Onlangs het die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede van kwartaal tot kwartaal (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die eerste en tweede kwartaal van 1992 teen koerse van 2,2 en 3,0 persent afgeneem. Ten spyte van hierdie jongste afnames het die instellings in die openbare sektor nog steeds tydens die konjuncturele afwaartse beweging nuwe werkgeleenthede geskep. Van die tweede kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1992 het die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede met ongeveer 14 000 persone toegeneem.

Die dalende vlak van die werkverskaffing in die formele sektor is deur die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose persone weerspieël wat van 'n



onderste draaipunt van 111 200 in November 1988 tot 'n hoogtepunt van 308 200 in Desember 1991 toegeneem het; daarna het dit in die eerste sewe maande van 1992 rondom 'n effens laer vlak gewissel en in Julie 1992 naastenby 300 000 beloop. Die aantal geregistreerde werklose persone was gedurende die eerste sewe maande van 1992 nietemin sowat 13,6 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1991.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Ten spyte van die afname in werkverskaffing, het die *nominale arbeidsvergoeding* per werker voortgegaan om teen hoë koerse gedurende die huidige resessie toe te neem. Die gemiddelde maandelikse nominale salaris en lone per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou het met 18,0 persent in 1989, 16,9 persent in 1990 en 15,8 persent in 1991 toegeneem. In die eerste kwartaal van 1992 het die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon per werker op 'n vlak van 15,8 persent gebly voordat dit effens in die tweede kwartaal tot 15,9 persent gestyg het.

Die koerse van toename in die nominale vergoeding per werker in die diens van die *openbare owerhede* was gedurende die resessie in die algemeen hoër as dié van werkers in die private sektor. Nadat die koers van toename in die nominale salaris en lone per werker in

Vergoeding per werker in nie-landbousektore



diens van die openbare owerhede skerp tot 'n hoogtepunt van 21,9 persent in 1989 toegeneem het, het dit 17,6 persent in 1990 en 17,3 persent in 1991 beloop. Die koers van toename oor vier kwartale in hierdie totaal het in die eerste kwartaal van 1992 effens tot 16,2 persent verlangsaam voordat dit weer tot 17,7 persent in die tweede kwartaal gestyg het.

Die koers van toename in die gemiddelde nominale salaris en lone per werker in die *private sektor* van die ekonomie buite die landbou het van 16,3 persent in 1989 tot 16,6 persent in 1990 versnel, maar het daarna tot 14,8 persent in 1991 afgeneem. Op koper termyn het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salaris en lone per werker in die private sektor van 18,3 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 13,8 persent in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem; daarna het dit weer tot 15,5 persent in die eerste kwartaal en tot 14,9 persent in die tweede kwartaal van 1992 toegeneem. Aanmerklik laer toenames is egter in die laasgenoemde kwartaal in sekere subsektore soos die fabriekswese, die konstruksie- en die elektrisiteitsopwekkingsbedryf aangeteken.

As gevolg van hierdie hoë toenames in die nominale lone kon die veranderings in die *reële loon* per werker (soos met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou gedefleer) nie daarin slaag om bewys van die aansienlike toename in die getal werkloses te lewer nie. Met die uitsondering van die eerste kwartaal van 1990 was die koers van toename oor vier kwartale in die reële loon per werker deurgaans positief in elke kalenderkwartaal sedert die begin van 1989 en het dit selfs geneig om in die eerste helfte van 1992 te versnel. Die gemiddelde maandelikse reële loon per werker het derhalwe met 2,2 persent in 1989, 1,6 persent in 1990 en 1,4 persent in 1991 toegeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële loon per werker het onlangs weer van 0,6 persent in die laaste kwartaal van 1991 tot 2,0 en 3,0 persent in die eerste twee kwartale van 1992 versnel. Hierdie positiewe koerse kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die onwilligheid van vakbondes om hul looneise te matig, asook aan die feit dat sakeondernemings hierdie eise tegemoetgekom het deur arbeidsbesparende maatreëls in werking te stel.

Die koers van toename in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore buite die landbou het skerp van 2,3 persent in 1988 tot slegs 0,4 persent in 1990 afgeneem. Wydverspreide rasionaliseringsprogramme en verhoogde kostedoeltreffendheid het daarna veroorsaak dat hierdie koers tot 1,3 persent in 1991 versnel het. Op 'n kwartaallikse grondslag het die koers van toename in arbeidsproduktiwiteit oor vier kwartale van 1,2 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 1,9 persent in die tweede kwartaal van 1991 toegeneem; daarna het dit tot 0,3 persent in die vierde kwartaal afgeneem, maar weer in die eerste en tweede kwartaal van 1992 tot 1,1 en 1,0 persent gestyg.

Die vinnige toename in die nominale vergoeding per werker en die betreklik beskeie verbeterings in arbeids-

produktiwiteit het veroorsaak dat die *nominale arbeidseenheidskoste* in die sektore buite die landbou met 17,0 persent in 1989 en met 16,5 persent in 1990 toegeneem het voordat hierdie koers tot 14,4 persent in 1991 verlangsaam het. Gemaat oor 'n tydperk van vier kwartale het die nominale arbeidseenheidskoste met 14,6 en 14,7 persent in die eerste twee kwartale van 1992 toegeneem.


Die *reële arbeidseenheidskoste* (soos met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou gedefleer) het met 1,4 persent in 1989 en met 1,1 persent in 1990 toegeneem voordat dit in 1991 matig met 0,1 persent gedaal het. Vanaf die derde kwartaal van 1991 het die reële arbeidseenheidskoste weer oor tydperke van vier kwartale toegeneem, en van 0,4 en 0,3 persent in die laaste twee kwartale van 1991 tot 0,9 en 2,0 persent in die eerste twee kwartale van 1992 versnel.

Prys

Die uiteenlopende bewegings van die produksieprysindeks en die verbruikersprysindeks (wat breedvoerig in die *Kwartaalblad* vir Junie 1992 bespreek is) het in die loop van 1992 aansienlik begin vernou namate baie van die faktore begin verdwyn het wat vir die gaping tussen die groeikoerse van hierdie twee indekse verantwoordelik was. Die vernouende gaping was die gesamentlike gevolg van 'n taamlike skerp opwaartse beweging van die inflasie in die produksiepryse en 'n duidelike verlaging in die koers van toename in die verbruikersprysindeks.

Die koers van toename in die *omvattende produksieprysindeks* wat gedurende 1991 skerp afgeneem het, het

Produksie- en verbruikerspryse




weer vanaf Maart 1992 begin styg. Gemaat oor tydperke van twaalf maande, het die groei in die produksieprysindeks van 'n hoogtepunt van 14,6 persent in November 1990 tot 6,7 persent in Januarie en Februarie 1992 afgeneem, en daarna weer tot 9,5 persent in Augustus toegeneem voordat dit in September na 8,8 persent gedaal het. Nadat hierdie koers van toename in die produksieprysindeks van kwartaal tot kwartaal van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 20,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 3,2 persent in die eerste kwartaal van 1992 gedaal het, het dit weer tot 11,4 persent in die tweede kwartaal van 1992 en tot 13,6 persent in die derde kwartaal gestyg.

Die onlangse versnelling van inflasie in die produksiepryse was deels te wye aan 'n opwaartse beweging in die prys van ingevoerde goedere. Die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere oor tydperke van twaalf maande, wat van 19,1 persent in November 1990 tot 1,9 persent in Desember 1991 en tot negatiewe koerse van 1,9 en 0,9 persent in Januarie en Februarie 1992 verminder het, het in Julie 1992 tot 7,5 persent versnel, en daarna effens tot 7,1 persent in September afgeneem. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van ingevoerde goedere het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 10,9 persent in die derde kwartaal van 1991 tot 'n negatiewe koers van 0,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 verander; daarna het dit weer tot 9,6 persent in die tweede kwartaal en tot 17,1 persent in die derde kwartaal van 1992 toegeneem.

Die hoër koerse van toename in die omvattende produksieprysindeks is ook veroorsaak deur 'n versnelling in die prysinflasie van binnelands geproduseerde goedere. Die koers van toename in die prys van binnelands geproduseerde goedere oor tydperke van twaalf maande het van 'n onlangse hoogtepunt van 13,9 persent in Maart 1991 tot 8,5 persent in Februarie 1992 afgeneem, maar daarna weer tot 10,3 persent in Augustus toegeneem voordat dit tot 9,2 persent in September gedaal het. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van binnelands geproduseerde goedere het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12,0 persent in die derde kwartaal van 1991 tot 3,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem, maar het skerp tot 12,3 persent in die tweede kwartaal en tot 12,4 persent in die derde kwartaal versnel. Hierdie prystoenames is hoofsaaklik deur skerp stygings in die prys van landbouprodukte veroorsaak wat 'n weerspieëling was van die tekorte wat ontstaan het as gevolg van die swak reënval in die voorafgaande somerseisoen.

In teenstelling met die stygende neiging van inflasie in die produksiepryse het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende verbruikersprysindeks wat van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,2 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 18,8 persent in die vierde kwartaal versnel het, tot 12,8 persent in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1992 en tot 11,9 persent in die derde kwartaal

Verbruikersprysindeks



afgeneem. 'n Daling in huiseienaarskoste in die derde kwartaal het aansienlik tot die laer koers van toename in die prys van verbruikersdienste bygedra. Hoewel die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van verbruikersgoedere ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 21,1 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 14,8 persent in die tweede kwartaal van 1992 verminder het, het dit weer tot 16,9 persent in die derde kwartaal versnel vanweë die groter toenames in die prys van voedsel en nie-alkoholiese drank.

Nadat die koers van toename in die verbruikersprysindeks oor tydperke van twaalf maande vinnig van 'n onlangse laagtepunt van 13,3 persent in Julie 1990 tot 16,8 persent in Oktober 1991 versnel het, het dit tot 13,5 persent in September 1992 en 11,7 persent in Oktober afgeneem. Hierdie stadiger groei in die verbruikerspryse sou nog meer aanmerklik gewees het as dit nie vir die uitwerking van die droogte op voedselpryse was nie. Dit blyk duidelik uit die skerp afname in die groei oor twaalf maande in die verbruikerspryse van 'n koers van 15,4 persent in Julie 1991 tot 9,3 persent in Oktober 1992 indien voedsel en nie-alkoholiese drank van die indeks uitgesluit word.

Betalingsbalans

Lopende rekening

Hoewel Suid-Afrika tans in die greep van 'n langdurige en ernstige resessie is wat gewoonlik deur lae hoeveelhede van die goedere-invoer gekenmerk word, het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans skerp van R1,3 miljard in die tweede kwartaal van 1992 tot slegs R0,4 miljard in die derde kwartaal gedaal. Hierdie daling was deels aan seisoenale invloede te wye. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening nogtans oor dieselfde tydperk van R6,0 miljard tot R3,7 miljard afgeneem, of van 1,8 persent tot 1,1 persent van die bruto binnelandse produk. Nog belangriker is egter dat die lae oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal van 1992 aan die ernstige droogte toegeskryf kon word, wat tot 'n skerp daling in die landbou-uitvoer en 'n aansienlike stygging in die invoer van landbouprodukte gelei het. Indien landbou-invoer en -uitvoer van die lopende rekening uitgesluit word, het die aangesuiwerde oorskot (ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers gereken) slegs effens van R4,8 miljard tot R4,3 miljard van die tweede tot die derde kwartaal van 1992 teruggesak.


Die aansienlike afname in die oorskot op die lopende

rekening was derhalwe in 'n groot mate die gevolg van 'n skerp toename in die waarde van die goedere-invoer en 'n marginale daling in die waarde van die goedere-uitvoer. Nadat netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners in die tweede kwartaal van 1992 gedaal het, het dit in die derde kwartaal ook aansienlik gestyg. Hierdie negatiewe invloede op die saldo op lopende rekening het 'n toename in die waarde van die netto gouduitvoer oorskry.


Die waarde van die goedere-invoer het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R49,1 miljard in die tweede kwartaal van 1992 tot R54,8 miljard in die derde kwartaal toegeneem, of met 11½ persent. Hoë internasionale oliepryse, matige stygings in die pryse van ander ingevoerde goedere en 'n daling van 1 persent in die gemiddelde nominale effektiewe wisselkoers van die rand het tot gevolg gehad dat die pryse van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1992 met 4 persent toegeneem het.

Die hoeveelhede van die invoer het van die tweede tot die derde kwartaal van 1992 met sowat 7½ persent gestyg, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van die hoë landbou-invoer wat deur die droogte genoodsaak is. Die totale landbou-invoer het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2,9 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R4,5 miljard in die tweede kwartaal en R5,3 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Vir die eerste keer sedert die droogte van 1983 het Suid-Afrika in die derde kwartaal van 1992 'n netto invoerder van landbouprodukte geword; in die voorafgaande drie jaar het die gemiddelde netto landbou-uitvoer R2,0 miljard per jaar

Betalingsbalans



In- en uitvoer van landbouprodukte



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1991				1992			
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3ekw
Goedere-uitvoer.....	41,8	45,9	48,6	47,3	45,9	47,6	49,4	49,1
Netto gouduitvoer.....	17,3	20,0	20,1	21,2	19,6	18,1	16,0	20,4
Goedere-invoer.....	-47,5	-50,2	-49,1	-45,9	-48,2	-50,5	-49,1	-54,8
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-10,1	-9,5	-9,9	-10,3	-9,9	-10,7	-10,3	-11,0
Saldo op lopende rekening	1,5	6,2	9,7	12,3	7,4	4,5	6,0	3,7

beloop. Benewens die hoë landbou-invoer, het groter hoeveelhede van die invoer van mineraalprodukte en die invoer van vliegtuie tot die totale invoerrekening bygedra. Die invoerpenetrasieverhouding (dit wil sê reële goedere-invoer tot bruto binnelandse besteding) het derhalwe van 23,5 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 25,8 persent in die derde kwartaal gestyg.


In die derde kwartaal van 1992 is die goedere-uitvoer ernstig benadeel deur 'n daling in die uitvoer van landbouprodukte van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R5,7 miljard in die tweede kwartaal van 1992 tot R4,7 miljard in die derde kwartaal. Daarbenewens het die uitvoer van mineraalprodukte

ook skerp geval. Hierdie afnames is egter in 'n groot mate deur toenames in die uitvoer van tekstielware, masjinerie en elektriese toerusting, en vervoertoerusting goedgemaak. Swakker internasionale grondstofpryse in die derde kwartaal van 1992 het tot 'n daling van ongeveer 2 persent in uitvoerpryse geleid. Die hoeveelhede van die uitvoer het met slegs $1\frac{1}{2}$ persent gestyg, met die gevolg dat die waarde van die goedere-uitvoer effens gekrimp het.

Nadat die waarde van die netto gouduitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) aansienlik van R21,2 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R16,0 miljard in die tweede kwartaal van 1992 gedaal het, het dit in die derde kwartaal weer tot R20,4 miljard herstel. Hierdie toename van 27% persent was geheel en al te danke aan 'n skerp toename in die fisiese hoeveelheid goud uitgevoer vanweë 'n aansienlike intering op voorrade wat in die voorafgaande kwartale opgebou is. Die randprys van goud per fyn ons het effens van R964 in die tweede kwartaal van 1992 tot R962 in die derde kwartaal teruggesak, hoewel die dollarvasstellingsprys van goud oor dieselfde tydperk van \$339 tot \$347 per fyn ons verbeter het. Die goudprys het gedurende die wisselkoerskrisis in Europa slegs effens van \$346 per fyn ons op 15 September 1992 tot \$350 per fyn ons op 17 September gestyg en weer tot onder \$340 gedaal toe die dollar begin appresieer het, wat weer eens bevestig dat goud op hierdie stadium nie langer as 'n veilige beleggingstoevlugsoord in onseker tye dien nie.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat van R10,7 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R10,3 miljard in die tweede kwartaal verbeter het, het in die derde kwartaal R11,0 miljard bedra. Die hoër tekort op die diensterekkening was te wyte aan 'n afname in ontvangste op dienste op grond van opmerklik laer ontvangste van buitelandse toeriste wat in Suid-Afrika gereis het, en wat waarskynlik met die politieke situasie verband gehou het. Die hoër invoere het andersyds tot hoër betalings vir vrag en versekering op goedere geleid.

Goud- en grondstofpryse



Kapitaalrekening

Die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het tot R1,0 miljard in die derde kwartaal van 1992 van R1,9 miljard in die voorafgaande kwartaal verminder. Dit het die totale netto uitvloeiing vir die eerste nege maande van 1992 op R2,9 miljard te staan gebring, vergeleke met R1,4 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1991 en R6,1 miljard vir 1991 in geheel.

Hierdie uitvloeiing van fondse het hoofsaaklik in korttermynkapitaal (met inbegrip van onaangetekende transaksies in die lopende sowel as die kapitaalrekening) plaasgevind, en het in die derde kwartaal van 1992 bykans R0,7 miljard beloop; in die tweede kwartaal van 1992 het die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal op R1,8 miljard te staan gekom. 'n Deel van die uitvloeiing van korttermynkapitaal in die derde kwartaal van 1992 kon aan die terugbetaling van ongeveer R500 miljoen op skuld ingevolge die Derde Tussentydse Skuldreëlings met buitelandse krediteurbanke toegeskryf word. 'n Aansienlike omskakeling van buitelandse na binnelandse handelsfinansiering het ook in die derde kwartaal van 1992 voorgekom en dit het klaarblyklik met die betreklik gunstige koste van binnelandse krediet verband gehou. 'n Skerp appresiasie van die VSA-dollar in internasionale valutamarkte het ook 'n uitvloeiing van langtermynkapitaal via termyndekking in derde geldeenhede deur Suid-Afrikaanse organisasies teweeggebring.


Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal wat geleidelik van R1,4 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot slegs R37 miljoen in die tweede kwartaal van 1992 teruggesak het, het in die derde kwartaal weer tot R0,3 miljard gestyg. 'n Uitvloeiing van langtermynkapitaal van openbare korporasies en openbare owerhede wat hoofsaaklik 'n weerspieëeling was van die aflossing van

toondereffekte wat verval het en die terugbetaling van skuld wat deur agentskappe van buitelandse regerings gewaarborg word, is deels deur 'n klein netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor (uitgesonderd monetêre instellings) geneutraliseer.

Buitelandse reserwes

Die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes van die land het as gevolg van die klein oorskot op die lopende rekening en die verdere netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie in die derde kwartaal van 1992 met R597 miljoen gedaal. In die eerste nege maande van 1992 het die totale netto

Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes



Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1991				1992			
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3ekw
Langtermynkapitaal								
Openbare owerhede	-167	116	-398	346	-103	941	303	-133
Openbare korporasies	188	345	-183	-20	330	55	540	-227
Private sektor	-604	-787	-774	-768	-2 933	-1 283	-880	48
Totale langtermynkapitaal	-583	-326	-1 355	-442	-2 706	-287	-37	-312
Korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes								
	1 362	-1 748	1 258	-4 217	-3 345	266	-1 832	-650
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes								
	779	-2074	-97	-4 659	-6 051	-21	-1 869	-962

reserwes egter steeds met R0,8 miljard gestyg, vergeleke met R1,4 miljard in 1991 en R2,9 miljard in 1990. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het in Oktober 1992 met R275 miljoen gestyg.

Suid-Afrika se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* wat gedurende Julie en Augustus 1992 voortgegaan het om toe te neem, het aan die einde van Augustus 1992 R13,2 miljard bedra – aansienlik meer as die R9,8 miljard wat aan die einde van 1991 aangeteken is. In September 1992 het die totale bruto reserwes egter weer tot R12,5 miljard gedaal, wat gelykstaande is aan net meer as 8 weke se invoer van goedere en dienste. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het in Oktober 1992 weer met R0,3 miljard gestyg.

Wisselkoerse

Die buitelandse valutemarkte is in die derde kwartaal en in Oktober 1992 oorheers deur die gebeure wat op 16 September 1992 'n kritieke punt bereik het, waarna oor die algemeen verwys word as die EWM-krisis (dit wil sê die krisis van die Europese Wisselkoersmeganisme). Die Britse pond en die Italiaanse lira het te midde van toenemende spanning in Europese buitelandse valutemarkte van die einde van Augustus 1992 tot laer vlakke binne die Europese Wisselkoersmeganisme begin depresieer. Hewige intervensie deur die Bank van Engeland en ander Europese sentrale banke, sowel as 'n laaste poging om met 'n Bankkoersverhoging van 10 tot 15 persent marksentiment te verander, het nie daarin


geslaag om die onttrekking van die pond, saam met die lira, uit die Wisselkoersmeganisme te verhoed nie. Dit is deur 'n skerp depresiasi van albei hierdie geldeenhede in buitelandse valutemarkte gevolg.

Die rand was nie teen hierdie ontwikkelinge in Wes-Europa gevrywaar nie en die verswakkings van die Britse pond op 16 September 1992 het die rand oornag teenoor sterleng met meer as 5 persent laat appresieer. Die rand het daarna tot 20 November 1992 verder met 8,8 persent teenoor die pond geappresieer. Die rand het ook aansienlik teenoor die Italiaanse lira geappresieer, maar het teenoor al die ander belangrike geldeenhede oor dieselfde tydperk gedepresieer.


Die netto resultaat van hierdie wisselkoersbewegings was 'n afname van 2,1 persent in die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand van die einde van Junie 1992 tot 20 November 1992. Die effektiewe wisselkoers van die rand het in Augustus en September 1992 ook 'n groter mate van onbestendigheid getoon met 'n marge van 2 persent tussen sy minimum en maksimum waardes, vergeleke met 'n gemiddelde maandelikse marge van 0,8 persent in die voorafgaande sewe maande van die jaar. Op 20 November 1992 was die nominale effektiewe wisselkoers van die rand 3,2 persent onder die vlak wat aan die einde van 1991 bereik is.

Die matige daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste sewe maande van 1992 was minder as die inflasiedifferensiaal tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennote, met die gevolg dat die reële effektiewe wisselkoers van die rand van die begin van die jaar tot Julie 1992 met 1,7 persent gestyg het. In

Wisselkoerse van die rand



Finansiëlerand-diskonto



die daaropvolgende twee maande het die reële effektiewe wisselkoers van die rand egter weer met $\frac{1}{2}$ persent gedaal.

Die finansiële rand het gedurende die eerste elf maande van 1992 skerp gevarieer en het per saldo van die einde van 1991 tot 20 November 1992 met meer as 36 persent gedepresieer. Die wisselkoers van die finansiële rand is veral beïnvloed deur die beëindiging van die onderhandelingsproses in Kodesa en die aanhittings tot massa-optrede, die Boipatong-gebeure op 17 Junie, die incident by Bisho op 7 September en spekulasié wat gegronde was op gerugte dat die oornname van buitelandse maatskappye deur Suid-Afrikaanse instellings die aanbod van finansiële rand betekenisvol sal laat toeneem. Die spekulasié teen die finansiële rand het ook saamgeval met onseker toestande in die buitelandse valutemarkte van Europa. Die diskonto op die finansiële rand het as gevolg van al hierdie verwikkelinge vanaf die begin van 1992 aansienlik gewissel en tussen 12 en 41 persent gevarieer.


Finansiële markte

Geldvoorraad


In weerspieëling van die algemeen traie reële ekonomiese toestande met 'n betreklik beperkende monetêre beleids-ingesteldheid, het die groeikoerse van die vernaamste monetêre totale gedurende die eerste nege maande van 1992 verder afgeneem. Wisselvallige veranderings in deposito's vanweë die nuwe regulasies en statistiese opgawes wat in Februarie 1991 in werking getree het, het egter in sommige maande groot wisselings in die groeikoerse oor twaalf maande van die monetêre totale tot gevolg gehad. Die groei in die enger monetêre totale

Geldvoorraad

Riglyne vir groei in M3



Maandelikse veranderinge in M3



het veral skerp gewissel, maar selfs die *omvattende gedefinieerde geldvoorraad* het 'n taamlik onbestendige groeipatroon getoon. Die inkome-omloopsnelheid van die omvattende geldvoorraad het egter in die eerste drie kwartale van 1992 betreklik bestendig gebly.

Die groeikoers oor twaalf maande in die omvattende gedefinieerde geldvoorraad (M3) het van 12,7 persent in Desember 1991 tot 10,6 persent in Februarie 1992 en 7,1 persent in Mei afgeneem voordat dit weer tot 8,7 persent in September 1992 gestyg het. Die groei in die kwartaallikse gemiddelde waarde van M3 (seisoensaangesuiwerd) het eweneens van 'n jaarkoers van 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 7,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 gedaal en daarna weer tot 8,7 persent in die derde kwartaal gestyg.

Hoewel die meeste van die maandelikse groeikoerse in M3 gedurende die eerste nege maande ruim binne die *riglyngrens* vir die groei in M3 van tussen 7 en 10 persent vanaf die vierde kwartaal van 1991 tot die vierde kwartaal van 1992 was, het skerp wisselings van tyd tot tyd veroorsaak dat sommige van die maandelikse groeikoerse tot bō die boonste perk vir die riglynjaar beweeg het. Die koers van toename in M3, soos vir riglyndoel-eindes gemeet, het van die vierde kwartaal van 1991 tot September 1992 9,3 persent (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) beloop.

Die koers van toename in die *enger monetêre totale* het gedurende die eerste nege maande van 1992 skerp wisselings getoon. Die koers van toename in M1 en M2 oor tydperke van twaalf maande was wisselvallig, maar het afwaarts geneig van 14,8 en 16,1 persent in Desember 1991 tot onderskeidelik 6,6 en 11,3 persent in Mei 1992, maar daarna weer tot 23,2 en 12,8 persent in September gestyg. Die ooreenstemmende groeikoers in M1A het van 17,7 persent in Desember 1991 tot 8,1 persent in Mei 1992 gedaal; daarna het dit tot 18,6 persent in Junie herstel, tot 10,3 persent in Augustus

gedaal en weer tot 23,6 persent in September 1992 gestyg. Die stygende neiging in die enger monetêre totale weerspieël 'n verskuiwing van langertermyn- tot korttermyndeposito's by depositonemende instellings, hoofsaaklik vanweë die gunstiger rentekoerse wat deur hierdie instellings aangebied is op deposito's met 'n koper uitstaande looptyd, en is op verwagtings van 'n algemene daling in rentekoerse gebaseer.

In 'n *statistiese of rekeningkundige sin* was die belangrikste teenhanger van die toename van R12,1 miljard in M3 gedurende die eerste nege maande van 1992 'n toename van R10,3 miljard in die eise van die monetêre sektor teen die private sektor. 'n Toename van R0,8 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n toename van R1,6 miljard in netto ander bates en laste is in 'n mate deur 'n klein afname van R0,6 miljard in die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor teengewerk.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die onderliggende groei in kredietverlening deur monetêre instellings aan die binnelandse *private sektor* het gedurende die eerste nege maande van 1992 ruim onder die inflasiekfers, soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks, gebly. Die groeikoers oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor het van 14,5 persent in Desember 1991 en 15,6 persent in Januarie 1992 tot 10,8 persent in Februarie teruggesak toe die invloed van die regulatoriese veranderinge onder die Wet op Depositonemende Instellings nie langer in hierdie groeikoers weerspieël is nie; dit het daarna afwaarts tot 9,6 persent in Junie en tot 8,6 persent in September gewissel. Hierdie lae groei in kredietverlening kon hoofsaaklik aan 'n lae vraag na krediet toegeskryf word as gevolg van die traie ekonomiese toestande, dalende inflasie en die betreklik hoë koste van lenings. Sekere monetêre instellings het ook in die proses van aktiewe kredietrisikobestuur minder tegemoetkomend in die voorsiening van verdere krediet aan sommige kliënte begin raak.


Die laer groei in kredietverlening word hoofsaaklik aan 'n inkrimping in die groei in huurkoopkrediet en sogenoemde "ander lenings en voorskotte" toegeskryf. Die koers van toename oor twaalf maande in *huurkoopkrediet* het van 6,7 persent in Desember 1991 tot slegs 1,3 persent in Junie 1992 verlangsaam voordat dit weer tot 'n steeds lae 2,3 persent in September gestyg het. Die koers van toename oor twaalf maande in "ander lenings en voorskotte" (hoofsaaklik oortrokke rekeninge) het eweneens van 12,6 persent in Desember 1991 tot 1,5 persent in Junie 1992 en tot 'n negatiewe 0,7 persent in September teruggesak.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename oor twaalf maande in *verbandvoorskotte* deur depositonemende instellings effens van 18,0 persent in Desember 1991 tot 17,2 persent in Junie 1992 en verder tot 16,9 persent in September 1992 gedaal. Die voortgesette, betreklik hoë koers van toename in


Kredietverlening en inflasiekfers



Kredietverlening aan die private sektor



Akkommodasie by die diskontovenster



hierdie soort krediet kon aan die relatiewe laer rentekoerse en kontantvloeivoordele toegeskryf word, sowel as aan die feit dat depositonemende instellings verbandfinansiering weens laer kapitaalvereistes aktief bevorder het. Die vraag na *bruikhuurfinansiering* het ook gedurende 1992 lewenskragtig gebly en hierdie voorskotte het tussen September 1991 en September 1992 met 15,4 persent gestyg.

Nadat netto eise van die monetêre sektor teen die regeringsektor gedurende die eerste helfte van 1992 met R2,1 miljard afgeneem het, het hierdie netto eise in die derde kwartaal van 1992 met R1,5 miljard toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik die resultaat van 'n afname van R0,9 miljard in netto regeringsdeposito's by die Reserwebank; dit wil sê nadat die oordrag van die saldo van R3,8 miljard op die Stabilisasierekening na die Reserwebank ter gedeeltelike vereffening van die tekorte wat op die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening in ag geneem is.

Ondanks hierdie styging in netto krediet aan die regeringsektor, het die koers van toename oor twaalf maande in *totale binnelandse kredietverlening* in September 1992 op 'n laevlak van 8,5 persent gebly, vergeleke met 8,4 persent in Junie 1992 en 21,1 persent in Oktober 1991.

Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Toestande in die geldmark wat gedurende die eerste vier maande van 1992 betreklik ruim was, het daarna

aansienlik vernou. Die gemiddelde *daaglikske vlak van akkommodasie* by die diskontovenster het aanvanklik ietwat van R1,2 miljard in Desember 1991 tot R1,0 miljard in April 1992 afgeneem, maar vervolgens skerp tot R1,5 miljard in Junie en R4,1 miljard in Oktober gestyg. Die bedrag aan akkommodasie soos op maandeindes, het van R2,8 miljard in Desember 1991 tot R1,2 miljard in Februarie 1992 afgeneem; daarna het dit tot R4,8 miljard in September en tot R4,7 miljard in Oktober 1992 gestyg.

Met hierdie vernouwing in die geldmark het die finansiële instrumente waarvan die depositonemende instellings vir die opneem van akkommodasie by die diskontovenster gebruik gemaak het, opmerklik verander. Tydens die betreklike ruim geldmarktoestande gedurende die eerste vier maande van 1992 het die depositonemende instellings hoofsaaklik skatkiswissels en Landbankwissels vir hierdie doel gebruik. As gevolg van die strammer geldmarktoestande in die volgende ses maande, is daar meer van bankaksepte vir akkommodasie by die diskontovenster gebruik gemaak.

Die strammer geldmarktoestande gedurende die tydperk Mei tot Oktober 1992 kon hoofsaaklik aan 'n toename van R2,8 miljard in regeringsdeposito's by die Reserwebank en 'n afname van R0,3 miljard in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank toegeskryf word. Note in omloop het gedurende hierdie tydperk met R0,6 miljard gestyg. Die instelling van 'n addisionele kontantreserwevereiste van 1 persent vanaf 21 Julie 1992 het meer as R1,0 miljard uit die mark opgeneem, en 'n bykomstige R0,5 miljard is met die uitreiking van Reserwebankwissels uit die mark onttrek. Hierdie

vernouing van die mark is deels deur die aankoop van Landbankpromesses deur die Reserwebank en die Korporasie vir Openbare Deposito's ten bedrae van R1,4 miljard teengewerk.

Die Reserwebank se optrede in die geldmark gedurende die eerste tien maande van 1992 was aanvanklik daarop gerig om oormatige likwiditeit by wyse van buitelandse valutaruiltransaksies met die belangrikste bankinstellings, die uitreiking van spesiale skatkiswissels en Reserwebankwissels met 'n kort looptyd, en die verhoging van die kontantreserwevereiste van depositonemende instellings ten opsigte van korttermynverpligte teenoor die publiek teen te werk. Die Reserwebank het egter in Julie 1992 geldmarktoestande verruim deur depositonemende instellings toe te laat om spesiale buitelandse valutadeposito's by die Bank te plaas en terugkoopooreenkomste tot 'n maksimum uitstaande bedrag van R1,0 miljard namens die Korporasie vir Openbare Deposito's aan te gaan. Al hierdie ooreenkomste is teen 3 Augustus 1992 afgelos. In Oktober 1992 het die Reserwebank weer terugkoopooreenkomste tot 'n maksimum uitstaande bedrag van R0,5 miljard aangegaan.


Die Reserwebank se transaksies in *staatseffekte* het in 1992 wesenlik toegeneem in 'n poging om hierdie mark te ontwikkel onder toestande van verwagte prystygings en 'n groot aantal transaksies. Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het gedurende die eerste tien maande van 1992 nie minder nie as R95,5 miljard beloop, teenoor R29,4 miljard gedurende 1991 in geheel. Netto verkope van staatseffekte van Januarie tot Oktober 1992 het R13,7 miljard bedra.

Die bedrae aan *skatkiswissels* van drie maande wat met die weeklikse tender aangebied word, is op 20 Maart 1992 van R200 miljoen tot R100 miljoen verminder en nuwe kategorieë skatkiswissels met looptye van ses en nege maande is in werking gestel met weeklikse aanbiedings wat elk R50 miljoen beloop het. Op 3 April 1992 is die weeklikse aanbiedings van albei hierdie laasgenoemde twee kategorieë skatkiswissels tot bedrae van R100 miljoen verhoog, met die gevolg dat die totale weeklikse uitgifte aan skatkiswissels R300 miljoen beloop het. Vanaf 5 Junie 1992 het die Bank slegs skatkiswissels van drie en ses maande tot 'n bedrag van R150 miljoen elk uitgereik. Sedert 25 September 1992 is die weeklikse aanbieding van skatkiswissels van drie maande tot R200 miljoen verhoog en is die bedrag wissels aangebied met 'n looptyd van ses maande tot R50 miljoen verlaag.

Geldmarkrentekoerse

Die geleidelike daling in *geldmarkrentekoerse* wat vroeg in 1990 begin het, het in die eerste tien maande van 1992 versnel. Dit word duidelik deur die koers op likwiede bankaksepte van drie maande weerspieël wat van 18,70 persent in Januarie 1990 tot 16,40 persent in Desember 1991 en daarna vinniger tot 12,40 persent aan die einde van Oktober 1992 en tot 12,00 persent na die verlaging

Korttermynrentekoerse



van Bankkoers gedaal het. Die meeste ander geldmarkrentekoerse het egter ook gedurende die eerste elf maande van 1992 skerp gedaal. Die oorheersende koers op interbank-daggeld van verrekeningsbanke het byvoorbeeld van 16,00 persent aan die einde van 1991 tot 12,75 persent aan die einde van Oktober 1992 en 11,50 persent op 18 November 1992 gedaal. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het selfs skerper van 16,13 persent tot 12,02 en 12,16 persent oor dieselfde tydperk gedaal, of met 3,97 persentasiepunte.

Veranderings in die *primakoers op oortrekings* by depositonemende instellings het die veranderings in Bankkoers gevvolg en die primakoers op oortrekings is op 1 April 1992 met 1 persentasiepunt tot 19,25 persent en tot 18,25 persent op 6 Julie 1992 verlaag. Sommige instellings het in die laaste week van November 1992 en ander aan die begin van Desember hulle primakoerse op oortrekings verder tot 17,25 persent verminder, nadat Bankkoers met een persentasiepunt na 14 persent op 18 November 1992 verlaag is. Die primakoers op oortrekings, aangepas vir inflasie, het gedurende die eerste agt maande van 1992 rondom 3,5 persent gewissel en daarna tot 4,2 persent in September gestyg vanweë die daling in die inflasiekoers. Teen hierdie vlak was die reële primakoers op oortrekings in Suid-Afrika ietwat hoër as die onlangse ooreenstemmende koerse in Japan (3,1 persent) en die Verenigde State van Amerika (2,9 persent), maar heelwat laer as die koerse in Duitsland (9,7 persent) en die Verenigde Koninkryk (6,2 persent).

Kapitaalmarkgebeure

Bedrywighede in die sekondêre kapitaalmarkte het in die eerste drie kwartale van 1992 lewendig gebly, maar die onderliggende omstandighede in die markte het in die derde kwartaal begin om merkbaar te verander. Swakker-as-verwagte finansiële resultate van maatskappye het die resessionêre toestande begin weerspieël en verhoogde onsekerheid vanweë politieke aksies het die positiewe marksentiment verder help verander. Hierdie verwikkelinge, tesame met 'n verswakking in aandelepryse op die internasionale markte, het 'n betekenisvolle afname in aandelepryse en 'n skerp toename in effektepryse tot gevolg gehad.

Nadat die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is skerp tot R89,5 miljard en R112,3 miljard in die eerste en tweede kwartaal van 1992 toegeneem het, het dit tot 'n nuwe kwartaallikse rekordvlak van R218,3 miljard in die derde kwartaal van 1992 gestyg. Die verskuiwing van aandele na effekte wat reeds in die eerste kwartaal van 1992 begin het, het in die volgende vier maande versnel. Institusionele beleggers het voortgegaan om hul portefeuilles ten gunste van effekte van die openbare sektor aan te pas nadat aandelepryse verswak het en die opbrengskoers op langtermynneffekte afgeneem het. 'n Algehele maandelikse hoogtepunt van R79,3 miljard in transaksies in effekte van die openbare sektor in Julie 1992 is deur 'n effens laer gemiddelde maandelikse vlak van R69,5 miljard in Augustus en September gevvolg. Met die styging in die opbrengskoers op langtermynneffekte in Oktober, het handelsbedrywighede verder tot


R56,0 miljard teruggesak, wat steeds aansienlik hoër as die gemiddelde maandelikse vlak van R37,4 miljard in die tweede kwartaal van 1992 was.

Netto aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners het van R823 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 tot R253 miljoen in die tweede kwartaal en tot slegs R7 miljoen in die derde kwartaal afgeneem. In Oktober 1992 was nie-inwoners netto verkopers van effekte van die openbare sektor tot 'n bedrag van R359 miljoen, ten spyte van 'n aansienlik swakker finansiële rand. Nadat nie-inwoners netto verkopers van aandele sedert die derde kwartaal van 1988 was, het hulle netto aankopers van aandele tot 'n bedrag van R213 miljoen in die derde kwartaal van 1992 en R72 miljoen in Oktober 1992 geword.


In weerspieëeling van 'n toenemende verwagting van 'n daalfase het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is in die derde kwartaal van 1992 skerp toegeneem. Die omset van aandele wat van R5,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R5,0 miljard in die tweede kwartaal gedaal het, het weer tot R6,2 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in die aantal prima-aandele wat verhandel is en die wysiging in die Wet op Beheer van Effektebeurse in Julie 1992 wat daalverkope toelaat teen die verkoopprys wat laaste aangeteken is. In Oktober 1992 het die waarde van aandele wat verhandel is, van 'n gemiddelde maandelikse waarde van R2,1 miljard in die voorafgaande drie maande tot R1,8 miljard teruggesak.

Aandelepryse het 'n rekord maandelikse gemiddelde hoogtepunt in Junie 1992 bereik, maar daarna in die volgende vier maande skerp gedaal: die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het met 16,7 persent oor hierdie vier maande gedaal. Onsekerheid op die plaaslike aandelemark as gevolg van teleurstellende finansiële resultate van maatskappye, skerp regstellings in


Effektebeurstransaksies



Effektebeurstransaksies



Aandelepryse



die prys van sekere prima-aandele wat op internasionale markte genoteer is en die verdieping van die resessie, is vererger deur massa-optrede en binnelandse interne onrus en toenemende woelinge op internasionale aandele- en valutamarkte. Hierdie faktore het in die besonder tot 'n skerp verswakking in die prys van mynaandele geleid, maar ook in die prys van nywerheids-, handels-, en finansiële aandele. Hierteenoor het die prys van bank- en versekeringsaandele net effens gedaal.

In die *primêre kapitaalmarkte* het die gunstige leningsklimaat gedurende die tweede kwartaal van 1992 'n hoë vlak van netto lenings deur die *openbare sektor* deur uitgifte van vaste-rentedraende effekte, wat R9,8 miljard beloop het, moontlik gemaak. Aangesien daar reeds in die eerste fiskale kwartaal grootliks aan die geskatte leningsbehoefte van die openbare sektor voldoen is, het die waarde van netto nuwe lenings in Julie 1992 tot R1,2 miljard teruggesak en het die aflossing van effekte in Augustus en September tot 'n netto terugbetaaling van R1,3 miljard en R0,9 miljard aanleiding gegee.

Die waarde van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte (insluitende omskepbare voorkeuraandele en skuldbriewe) deur genoteerde maatskappye in die *private sektor* het van R1,4 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R0,4 miljard in die tweede kwartaal afgeneem. Die langdurige resessie, 'n verbeterde leningsklimaat en die latere daling in aandelepryse het aandelekapitaaluitgifte vanaf Maart 1992 en daarna nadelig geraak. Die waarde van nuwe uitgifte van gewone aandele deur genoteerde maatskappye in die private sektor het gevvolglik ook van R2,9 miljard in die

eerste kwartaal van 1992 tot R0,1 miljard in die tweede kwartaal en tot R11 miljoen in die derde kwartaal afgeneem. Die hoë prys van aandele in die bank- en versekeringssektor het nietemin aangehou om aandelekapitaaluitgifte deur maatskappye in hierdie sektor te begunstig en in Oktober 1992 het 'n groot bank aangekondig dat hy sy kapitaal deur middel van 'n regteuitgifte van R650 miljoen gaan verhoog.


In die *verbandmark* het die gemiddelde netto bedrag aan verbandvoorskotte wat maandeliks deur depositonemende instellings en onderlinge bouverenigings uitbetaal is, in die eerste nege maande van 1992 R0,9 miljard bedra. Die totale besit aan verbandlenings deur hierdie instellings het gevvolglik van R67,3 miljard in Januarie 1992 tot R75,0 miljard in September toegegaan. Soos reeds aangedui is, kan die voortgesette toename in die besit aan verbandlenings in 'n toenemend terneergedrukte vaste-eiendomsmark aan verlagings in verbandkoerse en die aggressiewe bemarking van verbandfinansiering toegeskryf word wat nie noodwendig uitsluitlik vir die doeleindes van vaste eiendom geoormerk is nie. Depositonemende instellings het verbandfinansiering aangemoedig as gevolg van die laer kapitaalverpligtinge wat aan sodanige lenings gestel word en die geleentheid wat dit bied om 'n groot verskeidenheid bankdienste te bemerk.

Die waarde van *transaksies in vaste eiendom* het van R7,1 miljard en R6,1 miljard in die eerste twee kwartale van 1992 tot R5,9 miljard in die derde kwartaal gekrimp. Die gemiddelde aantal transaksies in vaste eiendom het met 18 persent in die eerste nege maande van 1992 teenoor die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar teruggesak, terwyl die gemiddelde waarde van eiendomstransaksies met 6,5 persent na R131 000 toegeneem het.


Bedrywighede in die *afgeleide markte* het in die eerste drie kwartale van 1992 deurgaans aansienlik toegeneem. Die waarde van transaksies in *termynkontrakte* het van 'n kwartaallikse gemiddelde van R5,8 miljard in 1991 tot 'n gemiddelde van R11,7 miljard in die eerste nege maande van 1992 gestyg. Toenemende onbestendigheid in aandelepryse en onsekerheid wat uit politieke optredes voortgespruit het, het tot opeenvolgende hoogtepunte in transaksievlekke van R9,1 miljard, R10,2 miljard en R15,9 miljard in die eerste drie kwartale van 1992 onderskeidelik geleid. Die hoë gemiddelde maandelikse transaksievlek van R5,3 miljard in die derde kwartaal van 1992 het daarna slegs matig tot R4,9 miljard in Oktober 1992 gekrimp. Handel in opsies op termynkontrakte op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs het op 16 Oktober 1992 'n aanvang geneem. In die twee weke tot die einde van Oktober 1992 is 4 100 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R11,5 miljoen verhandel.

Die lae bedrywighede op die Johannesburgse Effektebeurs se *Verhandelbare Opsiemark* in die tweede kwartaal van 1992 is in die derde kwartaal deur ietwat verhoogde bedrywighede gevolg. Hoewel 2 276 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R9,2 miljoen

Termynbeurstransaksies



Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



in die derde kwartaal van 1992 verhandel is, het dit steeds slegs 0,15 persent van die waarde van genoteerde aandele verteenwoordig wat in hierdie kwartaal verhandel is. Daarbenewens het aandele-opsies wat verhandel is, weer van die einde van September begin afneem en in Oktober is slegs 146 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R715 350 verhandel. Hierteenoor is effekte-opsies in die effektemark in die derde kwartaal deurgaans op groot skaal verhandel, hoofsaaklik as gevolg van uiteenlopende opbrengsverwagtings en die groot volume transaksies in die kontantmark.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* wat geleidelik van 'n hoogtepunt van 17,2 persent in Oktober 1991 tot 16,9 persent in Februarie 1992 verlangsaam het, het vinniger tot 13,9 persent in Oktober 1992 gedaal – die laagste vlak sedert Maart 1984. Die afname in langkoerse weerspieël die verlangsaming in die kortkoerse, verwagte laer inflasiekoerse, 'n swakker-as-verwagte reële ekonomiese en die verlaging van Bankkoers. Dit het ook met verbeterde bemarkbaarheid gepaardgegaan wat veroorsaak het dat die opbrengskoers op staatseffekte in Oktober 1992 tot 0,17 persentasiepunte onder Eskom-effekte beweeg het; in Februarie 1992 was die opbrengskoers op staats-effekte 0,49 persentasiepunte hoër as Eskom-effekte. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het egter vervolgens van 13,76 persent op 1 Oktober tot 14,57 persent op 17 November 1992 toegeneem.

Die gemiddelde maandelikse *reële opbrengskoers op staatseffekte* het van 0,9 persent in Februarie 1992 na 0,1 persent in Augustus afgeneem, maar het daarna in Oktober weer as gevolg van 'n betekenisvolle daling in die gemete inflasiekoers tot 1,9 persent verstewig.

Die depositonemende instellings se *oorheersende koers op verbandlenings* is gedurende die eerste tien maande van 1992 geleidelik verlaag op grond van verwagte verlagings in Bankkoers en die poging om soveel as moontlik van die stagnante mark vir lenings te bekomen. Die koers op huisverbandlenings is met ingang 2 Maart 1992 eers met 1,0 persentasiepunt van 20 persent tot 19 persent en later met ingang 1 Julie 1992 met nog 'n persentasiepunt verminder. Hierdie koers is verder tot 17,25 persent op 1 September 1992 en tot 16,75 persent vanaf 1 Desember 1992 verlaag.

Die depositonemende instellings het ook gedurende die eerste tien maande van 1992 hul koerse op langtermyndeposito's verder verminder. Die *rentekoers op deposito's van twaalf maande* is in vier stappe van 15,5 persent in Maart 1992 tot 12,5 persent in Oktober 1992 verlaag. Aangesien hierdie verlagings groter was as die vermindering in die primakoers op oortrekings, het die marge tussen die primakoers en die koers op deposito's van twaalf maande van 4,75 persent in Maart 1992 tot 5,75 persent in Oktober verbreed. Die koers op

deposito's van twaalf maande het in Oktober 1992 'n positiewe, voorbelaste reële opbrengs van 0,68 persent aan deposante gelewer.

Die betekenisvolle daling in die gemiddelde vlak van aandelepryse van Julie tot Oktober 1992 het 'n verstewiging in die *dividendopbrengskoers* van 3,15 persent in Junie tot 3,76 persent in Oktober tot gevolg gehad. Die *verdienste-opbrengskoers* op alle klasse aandele (uitgesluit goudmynaandele) het ook van 7,28 persent tot 8,35 persent oor dieselfde periode toegeneem, ten spyte van die voortgesette verswakking in die finansiële resultate van genoteerde maatskappye in meeste van die sektore van die ekonomie.

Nadat dit sedert 27 Julie 1990 onveranderd gebly het, is die maksimum toelaatbare koerse op *finansieringskoste* soos dit deur die Woekerwet vasgestel word, met ingang 29 Mei 1992 van 29 persent tot 28 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 32 na 31 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000 verlaag.


Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Fiskale beleid was in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 meer uitbreidend as wat aanvanklik beplan is. Dit word duidelik in die verdere toename van die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit is die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en nie-finansiële owerheidsondernemings en openbare korporasies) vanaf 'n reeds hoë vlak van R5,9 miljard in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 (die Maart-kwartaal van 1992) en R5,9 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 tot R8,9 miljard in die tweede kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 weerspieël. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor 9,0 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 bedra, vergeleke met 3,6 persent in die ooreenstemmende periode van die voorafgaande jaar. Soos in die bygaande grafiek aangetoon word, het die leningsbehoefte van die openbare sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk 'n onrusbarend vinnige toename in die afgelope twee fiskale jare getoon, in teenstelling met 'n skerp afname in die tydperk van die fiskale jaar 1986/87 tot die fiskale jaar 1989/90.

Die verswakking in die openbare finansies het in die inkome- en bestedingspatrone van die *algemene owerheid* (dit wil sê die gekonsolideerde rekeninge van die Sentrale Regering, provinsiale administrasies en

Openbaresektor-leningsbehoefte as persentasie van bruto binnelandse produk



plaaslike owerhede) plaasgevind. Die leningsbehoefte van die algemene owerheid het in die eerste twee kwartale van die fiskale jaar 1992/93 R5,2 miljard en R9,3 miljard bedra. Onbenutte kapasiteit, rasionalisasieprogramme en besnoeiings in besteding het tot gevolg gehad dat die leningsbehoefte van die nie-finansiële ondernemings van 'n tekort van R0,8 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 tot R0,2 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 gedaal het.

Die groter tekort voor lenings en skuldaflossing van die algemene owerheid het voorgekom ten spyte van die feit dat die oordragte en inkomste wat die provinsiale administrasies en plaaslike owerhede ontvang het hulle lopende en kapitaalbesteding in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 oorskry het. Die verswakking in die finansies van die algemene owerheid was gedeeltelik te wye aan die feit dat die gekonsolideerde surplus van die buitebegrotingsinstellings, TBVC-lande en selfregerende state van R2,3 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 tot R0,5 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 gedaal het. Van nog groter belang is egter dat dit deur 'n wesenlike toename in die tekort voor lenings en skuldaflossing van die Hoofbegroting veroorsaak is, omdat owerheidsbesteding min of meer in ooreenstemming met die begrote bedrag was terwyl owerheidsinkomste baie laer as die begrote bedrag was.

Skatkisrekening


Die koers van toename oor vier kwartale in *skatkisuitreikings* (ná die gebruiklike aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het

skerp van 13,0 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 tot 18,6 persent in die tweede kwartaal versnel. Dit het die vlak van skatkisuitreikings vir die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 tot 15,9 persent bō die vlak in die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar gebring – 'n toename wat min of meer in ooreenstemming was met die begrote voorseening van 'n styging van 16,5 persent vir die fiskale jaar 1992/93 in geheel. Hierdie koers van toename in skatkisuitreikings gedurende die ses maande tot September 1992 is ook laer as die gemiddelde koers van toename oor twaalf maande van 17,6 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare. Skatkisuitreikings het egter in Oktober 1992 skerp toegeneem, wat die koers van toename oor twaalf maande in hierdie uitreikings in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1992/93 op 19,6 persent te staan gebring het.


In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisuitreikings 31,1 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 bedra. Hierdie verhouding was heelwat hoër as die verhouding van 29,2 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92, 28,2 persent in die fiskale jaar 1991/92 in geheel en 'n gemiddelde verhouding van 25,2 persent in die tagtigerjare.

Die koers van toename oor vier kwartale in *skatkisontvangste* (uitgesluit die opbrengs uit privatisering) wat van 16,5 persent in die derde kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 8,3 persent in die laaste kwartaal en tot 8,9 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 afgeneem het, het in die tweede kwartaal selfs

Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



Begrote en werklike skatkisontvangste



verder tot die lae vlak van slegs 1,0 persent teruggesak. Die koers van toename oor twaalf maande in skatkisontvangste het in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 dus 4,2 persent bedra, teenoor 'n begrote toename van 15,7 persent vir die fiskale jaar in geheel en 'n gemiddelde vlak van 18,1 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisontvangste 22,9 persent in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 bedra, vergeleke met 24,0 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1991/92 asook vir die jaar in geheel, en 'n gemiddelde vlak van 22,1 persent in die tagtigerjare.

Die aansienlike tekort in skatkisontvangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 kan in 'n groot mate aan die uitgerekte en ernstige afwaartse beweging in ekonomiese bedrywighede toegeskryf word. Dit word duidelik in die opbrengs uit *belasting op toegevoegde waarde* vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 weerspieël, wat nie minder nie as 12,0 persent laer was as die opbrengs uit algemene verkoopbelasting in die eerste helfte van die voorafgaande jaar. Die werklike opbrengs uit belasting op toegevoegde waarde het R7,9 miljard bedra in die ses maande wat in September 1992 geëindig het, vergeleke met die begrote bedrag van R21,0 miljard vir die jaar in geheel.

Die opbrengs uit *inkomstebelasting* het ook teen 'n laer koers gestyg as waarvoor begroot is, naamlik 4,4 persent in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 teenoor 'n begrote syfer van 16,9 persent vir die

Inkomste uit doeane- en aksynsregte

Persentasieverandering

	Begroting vir die fiskale jaar 1992/93	Verandering in die eerste helfte van 1992/93
Brandstofheffing	27,6	47,1
Aksynsreg.....	21,8	24,6
Doeanereg.....	13,6	-0,1
Bo-belasting	13,6	-2,6
Ander.....	7,9	-35,8
Totaal	28,4	29,8

fiskale jaar in geheel. Hierdie teleurstellende groei in die opbrengs uit inkomstebelasting was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname van 19,0 persent oor twaalf maande in die verdienste uit maatskappybelasting in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93, vergeleke met 'n geraamde toename van 5,4 persent in die Begroting vir die fiskale jaar in geheel. Die opbrengs uit inkomstebelasting op individue was ook aansienlik laer as wat verwag is en het in dieselfde tydperk teen 'n koers van 16,0 persent toegeneem; die toename in die inkomste is in die Begroting op 22,5 persent vir die volle fiskale jaar geraam.


Die inkomste uit doeane- en aksynsregte wat in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 teen 'n koers oor twaalf maande van 29,8 persent toegeneem het, was min of meer in ooreenstemming met die begrote toename van 28,4 persent vir die fiskale jaar in geheel. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was dit die gesamentlike resultaat van 'n hoér-as-verwagte opbrengs uit die brandstofheffing en aksynsregte en 'n afname in die verdienste uit ander bronne van doeane-inkomste.

Die koers van toename oor twaalf maande in die totale skatkisontvangste het in Oktober 1992 skerp tot 13,6 persent versnel. Die koers van toename oor twaalf maande in skatkisontvangste het in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1992/93 dus 5,6 persent bedra.

Die betreklike klein styging in die skatkisontvangste het tot 'n *tekort op die skatkisrekening* voor lenings en skuldaflossing van R5 381 miljoen in die Septemberkwartaal van 1992 gelei. Dit het die tekort voor lenings vir die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 op R13 195 miljoen of 8,2 persent van die bruto binnelandse produk te staan gebring; vir die fiskale jaar in geheel was die tekort op R15 927 miljoen begroot, of 4,5 persent van die bruto binnelandse produk.

Die tekort van R13 195 miljoen vir die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93, plus die diskonto van

Tekort voor lenings



R2 660 miljoen op nuwe staatseffekte, is *gefinansier* uit fondse verkry van:

	R miljoen
Openbare Beleggingskommissaris.....	10 445
Nie-monetêre private sektor.....	13 041
Monetêre instellings:	-2 894
Korporasie vir Openbare Deposito's	-136
Ander monetêre instellings.....	-2 758
Buitelandse sektor	<u>1 040</u>
Totale bruto finansiering	<u>21 632</u>
<i>Min:</i> Diskonto op staatseffekte.....	2 660
<i>Min:</i> Oordragte na:	
Goud-en-buitelandsevalutagebeurlikheids-reserwerekening.....	3 777
Staatsdiens-pensioenfonds	2 000
Totale netto finansiering.....	13 195

In die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1992/93 het die tekort voor lenings en skuldaflossing (insluitende die diskonto op nuwe staatseffekte) R18 222 miljoen bedra. Die volgende *skuldinstrumente* is in die finansiering van die skatkistekort gebruik:

	R miljoen
Staatseffekte (insluitende diskonto)	19 435
Skatkiswissels.....	5 495
Buitelandse lenings	815
Nie-bemarkbare sekuriteite	42
Toename in beskikbare kontantsaldo's	-1 788
Totale finansiering	<u>23 999</u>
<i>Min:</i> Oordragte.....	5 777
<i>Min:</i> Diskonto op nuwe staatseffekte.....	2 671
Totale netto finansiering.....	15 551

Verklaring oor rentekoerse

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

17 November 1992

Sedert die Reserwebank se rentekoers vir die herdiskontering van skatkiswissels op 30 Junie 1992 van 16 na 15 persent verlaag is, is verdere vordering gemaak met die doelwit om groter finansiële stabiliteit in Suid-Afrika gevestig te kry. In die besonder het:

- die groeikoers in die M3-geldvoorraad gemeet oor 'n twaalf maande tydperk in Julie, Augustus en September 1992 onderkant die 10 persent vlak gebly;
- die groeikoers in die monetêre instellings se kredietverlening aan die private sektor redelik stabiel rondom die vlak van 10 persent gefluktueer;
- die totale produksieprysindeks deurgaans teen 'n koers van net minder as 10 persent oor twaalf maande tydperke gestyg; en
- die koers van toename in die verbruikersprysindeks geleidelik afwaarts beweeg van 15,1 persent in Junie 1992 tot 13,5 persent in September 1992.

Hierdie gunstige verloop in die finansiële groothede, wat deur die verlaging in die Bankkoers in Junie vooruitgeeloop is, het daartoe bygedra dat geldmarkrentekoerse verder afwaarts beweeg het, soos byvoorbeeld:

- die gemiddelde tenderkoers op skatkiswissels met 'n looptyd van 91 dae wat van 13,38 persent op 3 Julie tot 12,16 persent op 13 November 1992 gedaal het; en
- die interbank daggeldkoers van die verrekeningsbanke wat van 14,5 persent op 3 Julie tot 12,5 persent op 13 November 1992 afgeneem het.

Voorts het die jongste nasionale rekeningestatistiek wat onlangs deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel is, bevestig dat reële ekonomiese bedrywigheide in die derde kwartaal van 1992 verder verswak het. Die aanduidings is dat sowel die bruto binnelandse produksie as die totale bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal afgeneem het.

Omstandighede is dus tans baie gunstig vir 'n verdere verlaging in die inflasiekoers, alhoewel daar ook 'n paar ongunstige faktore is wat nie met die bepaling van die monetêre beleid in hierdie stadium buite rekening gelaat kan word nie, soos byvoorbeeld:

- 'n verswakking in die betalingsbalans waar die oorskot op die lopende rekening in die jongste tyd wesenlik gekrimp het, gedeeltelik weens die nadelige uitwerking van die droogtetoestande, maar ook weens swak internasionale ekonomiese toestande. Die netto

kapitaaluitvloei het ook weer ná die eerste kwartaal van 1992 toegeneem;

- 'n groeiende tekort in die finansies van die Sentrale Regering, in hoofsaak as gevolg van die feit dat staatsinkomste in die huidige fiskale jaar baie stadiger toeneem as wat verwag is; en
- die feit dat die jongste beskikbare syfers daarop duif dat gemiddelde salaris en lone in die eerste helfte van 1992, ten spyte van die toename in werkloosheid, nog steeds teen 'n koers toeneem wat bokant die huidige inflasiekoers lê.

Suid-Afrika sal hierdie ekonomiese probleme met erns moet aanspreek voordat die land weer op 'n standhoudende pad van deurlopende hoër ekonomiese groei mét finansiële stabiliteit geplaas sal kan word. Ons het nou 'n wonderlike geleentheid om inflasie werklik onder beheer te kan bring — 'n geleentheid wat ons nie moet laat verbygaan nie.

Teen die agtergrond van die meer stabiele finansiële toestand oor die algemeen en in die verwagting dat die inflasiekoers binnekort nog verder sal afneem, het die Reserwebank besluit om sy Bankkoers soos vanaf mōre, 18 November 1992, van 15 na 14 persent te verlaag. Dit is die vierde verlaging van een persent in die Bankkoers sedert Maart 1991 en behoort ondersteuning aan soortgelyke verlagings in sekere markrentekoerse, en in die besonder aan die prima en ander uitleenkoerse van depositonemende instellings, te verleen.

Depositonemende instellings word terselfdertyd versoek om versigtig te wees met die afwaartse aanpassing van hulle depositokoerse, en om 'n gesonde en mededingende marge tussen hulle deposito- en uitleenkoerse te handhaaf. Die Reserwebank het onlangs baie klages ontvang van spaarders en veral van ouer mense wat van rente-inkomste afhanklik is. Hulle vind dit al moeiler om teen die huidige betreklik lae depositokoerse, wat in sommige gevalle selfs laer as die huidige inflasiekoers is, nog 'n bestaan te maak.

Opname van die omset in buitelandse valuta

Die Bank vir Internasionale Vereffeninge het in 1992 'n opname van die transaksies in die markte in buitelandse valuta in 26 lande van stapel gestuur. Suid-Afrika het deel van hierdie opname uitgemaak en alle binnelands gemagtigde handelaars is versoek om die omset van hul handel in buitelandse valuta in April 1992 te rapporteer. Soortgelyke opnames is in 1986 en 1989 gemaak, maar Suid-Afrika was nie genader om aan daardie opnames deel te neem nie. Vergelykende inligting is derhalwe nie beskikbaar nie. Voorlopige resultate van hierdie opname word in die bygaande tabel voorsien, en meer besonderhede sal beskikbaar gestel word wanneer die Bank vir Internasionale Vereffeninge resultate vir al die lande in 1993 publiseer.

Die opname het die omset in die kontant- en termynvalutamark, die termynvalutabeurs en die opsiemark ingesluit. Die omset in rand teenoor alle buitelandse geldeenhede en transaksies in VSA-dollar en Duitse mark teenoor ander derde geldeenhede moes gerapporteer word. Die deelnemende organisasies is ook versoek om inligting te verskaf oor die aandeel van transaksies wat deur middel van geautomatiseerde stelsels of deur middel van buitelandse valutamakelaars gedoen word. Al die resultate word in bruto bedrae aangedui en die Bank vir Internasionale Vereffeninge sal die gerapporteerde inligting aansuiwer om dubbeltelling uit te skakel.

Uit die opname blyk dit dat transaksies ter waarde van gemiddeld VSA\$4,2 miljard per werksdag in April 1992 in die plaaslike valutamark verhandel het. Dit kan met omsetsyfers van VSA\$73 miljard in Hong Kong en VSA\$5 miljard in Nieu-Seeland, twee van die lande wat reeds die resultate van hul opnames vrygestel het, vergelyk word. Daar moet op gelet word dat hierdie resultate as gevolg van verskille in dekking en definisies effens afwyk van die gemiddelde daaglikse omsetsyfer van \$4,5 miljard vir April 1992 wat in die tabel op bladsy S-86 van die *Kwartaalblad* gepubliseer word. In die

opname van die Bank vir Internasionale Vereffeninge is alle transaksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank uitgesluit en is slegs een been van 'n ruitransaksie ingesluit, terwyl transaksies in derde geldeenhede ingesluit is. In die gereelde opname van die Reserwebank word transaksies van die Reserwebank en albei bene van 'n ruitransaksie ingesluit, maar transaksies in derde geldeenhede word uitgesluit.

Die resultate van die opname het ook aangetoon dat die gemiddelde daaglikse bruto omset van kontanttransaksies in April 1992 VSA\$2,4 miljard, of 56½ persent van die totale omset, bedra het. Die bruto omset in termynvalutatransaksies was R1,8 miljard, of 42 persent van die totale omset, waarvan ongeveer twee-derdes uit ruitransaksies en rofweg een-derde uit regstreekse termyntransaksies bestaan het. Teen 1½ persent van die totale omset was transaksies in valuta-opsies en op die termynbeurs in Suid-Afrika steeds betreklik onbeduidend.


Transaksies in rand het 66,5 persent (\$2,8 miljard), in VSA-dollar teenoor derde geldeenhede 33,2 persent en in Duitse mark teenoor ander derde geldeenhede slegs 0,3 persent van die totale omset verteenwoordig. Tot 96 persent van alle transaksies in buitelandse valuta in Suid-Afrika het in VSA-dollars plaasgevind, óf as 'n middel van finale betaling óf as 'n geldeenheid wat as tussenganger gebruik word. Ander geldeenhede wat hoofsaaklik in die randmark gebruik word, was die Duitse mark (2,4 persent), Japanse yen (1,3 persent) en Britse pond (0,9 persent). Termynvalutatransaksies het 50,1 persent van die totale transaksies in die randmark verteenwoordig, waarvan 35,9 persent regstreekse transaksies en 64,1 persent ruitransaksies was. Die rand-kontantmark, met 48 persent van die totale mark, kan in 61 persent interbanksake en 30 persent transaksies met nie-inwoners verdeel word. Die tabel wys verder daarop dat transaksies in die termynvalutabeurs slegs in die randmark uitgevoer is, terwyl rand/dollar-opsies die grootste deel

Gemiddelde daaglikse bruto omset in buitelandse valuta

VSA\$ miljoene

	Rand	VSA-dollar	Duitse mark	Totaal
Kontantransaksies.....	1 351	1 025	9	2 385
Termynvalutatransaksies	1 411	369	3	1 783
Ruitransaksies	905	288	–	1 193
Regstreekse transaksies	506	81	3	590
Termynbeurstransaksies	38	–	–	38
Opsietsaksies.....	17	12	1	30
Totaal.....	2 817	1 406	13	4 236

Samestelling van die Suid-Afrikaanse buitelandse valutamark



van hierdie mark verteenwoordig het.

Kontanttransaksies in die randmark het 48 persent van die gemiddelde daaglikske bruto omset verteenwoordig, teenoor 50 persent van die termyntransaksies en die 2 persent van transaksies in valuta-opsies en op die termynbeurs. Kontanttransaksies in die dollarmark was 73 persent van die totale transaksies en termyntransaksies slegs 27 persent. In die dollartermynvalutamark het 78 persent van die transaksies uit ruiloooreenkoms en 22 persent uit regstreekse transaksies bestaan, terwyl die ooreenstemmende verhoudings in die randtermynvalutamark onderskeidelik 64 en 36 persent beloop het.

Bykans 90 persent van alle transaksies van gemagtigde handelaars in buitelandse valuta is deur middel van geautomatiseerde stelsels en 10 persent via makelaars gedoen. In die kontantmark was 86 persent van alle transaksies deur elektroniese stelsels gesluit en 14 persent van die omset is deur makelaars uitgevoer. In die termynvalutamark is 97 persent van die transaksies egter deur elektroniese stelsels uitgevoer en slegs 3 persent deur makelaars.